

HOOFSTUK 12

'N MISDRYF VAN DIEFSTAL MET INLIGTING AS FOKUSPUNT

12.1 INLEIDING

Inligting word nie as 'n objek wat gesteel kan word ingevolge die misdaad van diefstal in die Suid-Afrikaanse reg erken nie. Die definisie van die misdaad van diefstal kan ook nie in die Suid-Afrikaanse reg uitgebrei word om voorsiening te maak vir die vervolging van persone vir die diefstal van inligting nie. Inligting het egter so 'n belangrike kommoditeit of bate geword dat dit nou noodsaaklik geword het om die wederregtelike en opsetlike verkryging van inligting wat onder 'n ander se beheer is, strafregtelik aan te spreek.

Ten einde so 'n optrede strafregtelik te reël, sal vereis dat nuwe wetgewing verorden moet word om aan die legaliteitsbeginsel gehoor te gee. Die vereistes wat deur die legaliteitsbeginsel gestel word, asook die bepalings waaraan nuwe wetgewing ingevolge die Grondwet moet voldoen word bespreek. Die noodsaaklikheid vir sodanige wetgewing en die wenslikheid daarvan in die hedendaagse samelewing word beklemtoon.

Die resultate van hierdie studie en die insigte wat bereik is, word saamgeneem om 'n nuwe definisie van beskermwaardige inligting te skep en om 'n omvattende definisie van die misdryf van diefstal van inligting te bepaal. Die onderskeie elemente van so 'n misdryf word bepaal en voorgestel.

12.2 DIE LEGALITEITSBEGINSEL EN DIE SUID-AFRIKAANSE GRONDWET

In navolging van die legaliteitsbeginsel is geen handeling strafbaar, tensy dit wetlik met straf bedreig word nie. In sy wydste sin kan die legaliteitsbeginsel, volgens Snyman¹, beskryf word as 'n meganisme om te verseker dat die staat, sy organe en sy amptenare in die uitoefening van hulle funksies nie bo die reg verhewe is nie, maar daaraan onderworpe bly. Volgens Snyman² word onder andere die volgende reëls in die beginsel beliggaam, te wete:

- (a) 'n hof mag 'n beskuldigde slegs aan 'n misdaad skuldig bevind indien die soort handeling wat hy verrig het deur die reg as 'n misdaad erken word; met ander woorde 'n hof mag nie self 'n misdaad skep nie,
- (b) 'n hof mag 'n beskuldigde slegs aan 'n misdaad skuldig bevind indien die soort handeling wat hy verrig het reeds op die tydstip toe hy dit verrig het deur die reg as 'n misdaad erken is,
- (c) misdade mag nie vaag omskryf wees nie,
- (d) 'n hof moet die omskrywing van misdade liewer eng as wyd vertolk³.

Gemeenregtelike misdade soos moord en diefstal is nog nie in Suid-Afrika gekodifiseer nie. Die uitleg van hierdie misdade is steeds afhanklik van die uitleg wat ingevolge die Romeinse reg en die Romeinse-Hollandse reg gegeld het⁴. Soos gesien⁵ het sodanige kodifikasie van die reg aangaande diefstal wel in

¹ Snyman (1), 36.

² Snyman (1), 37.

³ Ibid

⁴ Sien Hoofstuk 9 vir 'n uiteensetting van die gemeenregtelike posisie van die misdaad diefstal.

⁵ Sien Hoofstukke 3 – 6.

lande soos Engeland⁶, Amerika⁷, Kanada⁸ en Nederland⁹ plaasgevind en word diefstal tans statutêr in vermelde lande gereël.

Hoewel gemeenregtelike misdade nie in wetgewing vervat is nie, is dit net so bindend as wetgewing¹⁰ en moet daar ook wat hierdie misdade betref aan die legaliteitsbeginsel voldoen word. Dit is gewoonlik gemeenregtelike misdade wat hulself daaraan verleen dat dit deur die howe ontwikkel kan word om met die heersende ekonomiese of ander ontwikkelinge tred te hou. Die howe kan egter nie 'n misdaad so uitlê dat dit nuwe handelinge strafbaar reël nie. Die howe sal dus weier om 'n misdaad so uit te brei dat 'n handeling wat gister nie deur die samelewing as 'n misdaad geag is nie, vandag skielik as 'n misdaad erken en strafbaar gestel word. Om regsekerheid te behou en om te verseker dat vertroue in die regstelsel nie verlore gaan nie, moet die samelewing vooraf weet dat sekere optredes met strafsanksies beantwoord sal word.

Die diefstal van inligting waar inligting nie in 'n liggaamlike bron vervat is nie, is tans nie 'n misdaad in die Suid-Afrikaanse reg nie. 'n Persoon kan tans dus nie vir die wederregtelik en opsetlike verkryging van onliggaamlike inligting vervolg word nie. Hierdie posisie verteenwoordig 'n tekortkoming in die Suid-Afrikaanse strafreg en behoort dringend aangespreek te word. Die enigste wyse waarop dit aangespreek kan word, is deur 'n wetgewende bepaling te verorden wat die diefstal van inligting en onliggaamlike objekte strafbaar reël.

By die beoordeling van enige toekomstige wetgewing moet die beginsels wat in die Grondwet¹¹ vervat is, oorweeg word. Aangesien die Grondwet ons hoogste

⁶ Hoofstuk 3.

⁷ Hoofstuk 4.

⁸ Hoofstuk 5.

⁹ Hoofstuk 6.

¹⁰ Sien Snyman (1), 8.

¹¹ Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 108 van 1996.

reg¹² is, moet die grondwetlikheid van alle wette van die land aan die beginsels soos in artikel 36 van die Grondwet uiteengesit is, getoets word.

Artikel 36(1) van die Grondwet bepaal dat die regte in die Handves van Regte slegs beperk kan word kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van die aard van die reg, die belangrikheid van die doel van die beperking, die aard en omvang van die beperking, die verband tussen die beperking en die doel daarvan, en 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik. Die wenslikheid van die kriminalisering van die wederregtelike verkryging van inligting sal met inagneming van hierdie grondwetlike beginsels oorweeg moet word.

12.2.1 GEMEENSKAPSWAARDES WAT OORWEGING VERG

By die oorweging van strafregtelike sanksies moet die waardes van die gemeenskap wat deur die sanksies onderdruk gaan word, opgeweeg word teenoor die noodsaaklikheid om wel die bepaalde gedrag of die bepaalde objek te beskerm. Daar is verskeie waardes wat hier in gedrang kom. Die belangrikste twee oorwegings is die beginsel dat inligting openbare goedere is en tweedens dat elkeen die reg het om aan die handelsverkeer deel te neem.

12.2.1.1 INLIGTING AS OPENBARE GOEDERE WAT VRYLIK MOET KAN BEWEEG

Eerstens, die beginsel dat inligting eintlik 'n 'public good' is, wat inhou dat almal vrylik toegang tot alle inligting behoort te hê, want slegs indien inligting vrylik vloei kan daar ontwikkeling in 'n samelewing plaasvind¹³.

¹² Artikel 2 van die Grondwet.

¹³ Hammond, 254.

Oppenheim¹⁴ beklemtoon ook die belangrikheid dat inligting vrylik beskikbaar moet wees as teenvoeter vir kriminalisering. Hy meen dat ons in die inligtingsera lewe, waar inligting die lewensbloed is waardeur meeste mense hulle daaglikse lewens lei, beide by die werk en by ontspanning ten einde hulle volle bydrae as burgers te maak. Daar is 'n algemene ooreenstemming dat inligting in die algemeen vrylik moet vloei en enige beperkings op sodanige vloei vereis spesiale regverdiging. Mense het blykbaar 'n onversadigde strewe na meer inligting. Myns insiens is dit juis hierdie onversadigde strewe na meer en meer inligting wat inligting veral in hierdie inligtingsera meer kosbaar maak.

Die Departement van Justisie in Kanada was juis gekant teen 'n wye definisie van inligting in die Kanadese strafbode, want sodanige bepaling kon ernstige implikasies vir die vryheid van inligting in die algemeen gehad het, asook vir die beweegbaarheid van die arbeidsmag in Kanada¹⁵.

Inligting word gesien as 'n openbare goed¹⁶, dit wil sê dit is iets waarop almal geregtig is en waartoe almal toegang behoort te hê. Op dieselfde basis word die vrye vloei van inligting bepleit. Die argument gaan selfs verder. 'n Werknemer se waarde vir 'n volgende werkgewer vermeerder indien hy of sy by die eerste werkgewer kennis opdoen, wat sy of haar ondervinding, effektiwiteit en aanwendbaarheid as werknemer aansienlik verhoog. Indien hierdie werknemer egter vir 'n volgende werkgewer gaan werk ontstaan die vrees dat sodanige werknemer nou strafregtelike aanspreeklikheid kan opdoen indien hy of sy hierdie kennis en

¹⁴ Oppenheim, 1.

¹⁵ Hammond, 254.

¹⁶ In Engels beskryf as 'a public good'.

ondervinding, wat by die eerste werkgewer opgedoen is, met die tweede werkgewer deel¹⁷.

Die vraag ontstaan ook of die eerste werkgewer hom kan verhoed om die kennis en ondervinding wat hy opgedoen het, te gebruik. Indien die eerste werkgewer hom sodanig kan verhoed is hierdie werknemer van geen waarde vir die tweede werkgewer nie. Die beweging van werknemers van een werkgewer na 'n ander kan gevolglik nadelig geraak word¹⁸.

Die feit is egter dat inligting in die afgelope tyd so belangrik en waardevol vir die individu en vir besighede geword het dat hierdie beginsel van vrye vloei van inligting heroorweeg moet word. Behoort daar nie oorweging gegee te word aan die beskerming van sodanige onbekende inligting wat vir die individu en vir die besigheid van waarde is en behoort dit nie geheim gehou te word nie.

Om 'n onbepaalde monopolie oor sekere inligting toe te staan sal dus nie in belang van die samelewing wees nie. Die meriete in hierdie benadering word wel terdeë erken¹⁹, maar indien 'n persoon of 'n onderneming geld en moeite bestee het om sekere inligting te ontwikkel en hy slegs sy belegging daarin kan vergeld, deurdat hy in staat gestel word om sy inligting geheim te hou, kan hierdie inligting sekerlik as 'n bate in sy onderneming geag word en sodoende verdien dit om beskerm te word. Indien 'n persoon nie hierdie vergunning sou kry om sy inligting geheim te hou nie sal sy motivering om nuwe idees, data, inligting of produkte te ontwikkel negatief beïnvloed word. Die motivering om nuwe idees, data, inligting of produkte te ontwikkel sal ook nie by ander gekweek kan word nie. Die samelewing in geheel sal in so 'n geval armer wees, want geen nuwe ontwikkeling sal plaasvind nie.

¹⁷ Hammond, 254.

¹⁸ Ibid.

¹⁹ Soos in die geval van outeursreg, patente, handelsmerke ens.

Indien die houer van sodanige inligting nie op strafregtelike beskerming vir sy inligting deur strafsanksies staat kan maak, indien iemand sy inligting wederregtelik dupliseer nie, sal hy die teiken van al sy mededingers en ander spioene word. Sodanige mededingers of spioene sal niks hê om te vrees indien hulle uitgevang word nie, want hulle sal skuldloos daarvan wegstap, selfs al word bewys dat hulle die inligting *gesteel* het.

Hierdie beginsel word ook in die Grondwet regsverking verleen. Artikel 16(1) van die Grondwet bepaal:

‘Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is

(b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra’.

12.2.1.2 ELKEEN HET DIE REG OM AAN DIE HANDELSVERKEER DEEL TE NEEM

‘n Verdere gemeenskapswaarde wat oorweging verg by die vraag of die beskerming van inligting ingevolge die Grondwet regverdigbaar is, is dat elke persoon vry moet wees om aan die handelsverkeer deel te neem soos wat hy/sy verkies, sonder om natuurlik op ander se regte inbreuk te maak. Dus het elkeen die reg om die beroep, of professie of bedryf wat hy/sy ookal sou verkies om te volg, vrylik te volg. Hierdie beginsel word ook in die Grondwet erkenning verleen. Artikel 22 van die Grondwet bepaal in hierdie verband:

‘Elke burger het die reg om vrylik ‘n bedryf, beroep of professie te kies. Die beoefening van ‘n bedryf, beroep of professie kan deur die reg gereguleer word’.

Hierby inbegrepe behoort ‘n persoon nie beperk te word om van werkgewer te verwissel nie. Die vloei van die arbeidsmark in ‘n land se

ekonomie is derhalwe van wesenlike belang. Ons howe erken sekere beperkings op handelsvryheid, welke beperkings, myns insiens, ondersteun moet word²⁰. By die oorweging van hierdie beginsel is die vraag op welke inligting, wat 'n werknemer van sy werkgewer verkry het, behoort daar 'n beperking geplaas te word om te verhoed dat 'n werknemer geregtig is om sodanige inligting met hom na sy volgende betrekking saam te neem. Die belangrike aspek wat uit die hofbeslissings blyk is die feit dat enige werknemer se kennis wat met sy ondervinding en bekwaamhede te make het, nie deel van sy vorige werkgewer se geheime inligting kan vorm nie en kan hy dus nie beperk word om sodanige kennis te gebruik nie²¹.

12.2.2 DIE BELANGRIKHEID OM INLIGTING TE BESKERM

In 'n soeke na die noodsaaklikheid om die wederregtelike opsetlike verkryging van inligting te kriminaliseer het dit duidelik na vore gekom dat inligting wel tydens die laaste paar dekades sodanig in waarde toegeneem het dat dit nou as 'n aparte kommoditeit en as 'n bate in 'n besigheid erkenning ontvang het²². Daar kan dus nie meer onsekerheid daaroor wees dat die heersende gemeenskapsgevoel, veral in die besigheidswêreld, sodanig is dat daar nou verwag word dat die wederregtelike verkryging van 'n ander se inligting strafbaar moet wees nie. Dit is duidelik dat die sosiale strukture inligting nou van soveel belang ag dat inligting vir menigte 'n vorm van rykdom inhou. Hierdie waarde wat aan inligting geheg word het nou ook reeds sodanig verander dat die gemeenskapsopvatting tans daarop sal aandring dat inligting as 'n objek van 'n diefstalhandeling erken moet word.

²⁰ Sien *Geary & Son (Pty) Ltd v Grove* 1964(1) SA 434 (A) en *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968(1) SA 209 (C).

²¹ Sien *Knox D'Arcy Ltd and Others v Jamieson and Others* 1992 (3) SA 520 (W); *Atlas Organic Fertiliser (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd and Others* 1981 (2) SA 173 (T) en *Waste Products Utilisation (Pty) Ltd v Wilkes and Another* 2003 (2) SA 515 (W).

²² Mowat, 8; Davis en Hutchinson, 51- 53; Sieber, 16; Van der Merwe DP (2), 31; Roos, 264.

Die belangrikheid van inligting in ons daaglikse lewens kan nie meer ontken word nie en daarmee saam moet sekerlik erken word dat sekere inligting slegs waardevol sal bly solank as wat dit geheim gehou word en van beskikbaarstelling aan andere weerhou kan word.

Volgens Eells en Nehemkis²³ besef bestuurders en werkgewers in besigheid sowel as in regering die noodsaaklikheid om papier lêers wat persoonlik inligting bevat veilig te hou. Hierdie besef het oor die jare gegroei en gebruike om persoonlike data vertroulik en fisies veilig te hou is ontwikkel. Die tegnologiese vooruitgang wat egter oor die laaste drie dekades plaasgevind het, het tot gevolg gehad dat 'n groot hoeveelheid inligting oor individue ingesamel is. Tegnologie het ook die vermoë om rekords in internasionale en nasionale netwerke te versend en toegang daartoe te verkry vergroot en fasiliteer sodoende groter konsentrasies van data. Hierdie ontwikkelinge vereis nuwe benaderings en meer aandag aan veiligheids- en vertroulikheidsvraagstukke aangaande sodanige rekords. Hierdie nuwe tegnologie verleen ook die vermoë om persoonlike inligting meer effektiewelik vir besigheidsdoeleindes te organiseer. Die tyd en moeite wat aangegaan word om sodanige rekords te ontwikkel verleen dwingende redes hoekom maatreëls ingestel moet word om sodanige data teen diefstal, kwaadwilligheid of ongeluk te beskerm. Dit is dan in hierdie omstandighede waar daar na die reg gekyk moet word om afskrikkingsmaatreëls in te stel teen die verlies of skade aan sodanige rekords²⁴.

Volgens Davis en Hutchinson²⁵ kan dit nie meer ontken word dat die wêreld op inligting loop nie, as synde die een ware internasionale geldeenheid. So is die beskerming en beheer van sensitiewe en

²³ Eells en Nehemkis, 118.

²⁴ Hansen, 102.

²⁵ Davis en Hutchinson, 51-53.

eiendomwaardige inligting die kern van enige besigheid se sukses. Baie ondernemings in die inligtingsera se enigste ware bate, anders as menslike hulpbronne, is die inligting waarop hulle staatmaak om 'n mededingende voorsprong te behou. Beskerming teen bekendmaking van 'proprietary information' is in elkeen se belang. So het werknemers 'n direkte belang om te verseker dat sensitiewe korporatiewe inligting nie openbaar word nie. Die verlies aan sodanige inligting kan ernstige gevolge vir die besigheid se vermoë om mee te ding inhou. Die bewaring en uitbouing van 'n werkgewer se mededingende voorsprong het 'n direkte invloed op die besigheid se finansiële gesondheid en sodoende op die werknemers se lewensonderhoud. Voor die koms van rekenaarnetwerke was dit voldoende om slote aan deure en liasseerkabinette te sit. Soos tegnologie ontwikkel het, is alarmsisteme en ander elektroniese sekuriteitstoestelle gebruik. Nou dat inligting in 'n rekenaar, buite sig, gestoor word, het besighede 'n valse sin van veiligheid ontwikkel aangaande die toeganklikheid van hul inligting²⁶.

Hierdie waardevolle inligting, wat besighede besit en wat hul 'n mededingende voorsprong verleen, word soms ook handelsgeheime genoem. 'n Handelsgeheim kan so eenvoudig soos 'n pizza-resep of so ingewikkeld soos 'n resep om sintetiese diamante te maak, wees. Die diefstal of misbruik van handelsgeheime bereik 'n onrusbarende vlak en kos besighede jaarliks biljoene²⁷.

Volgens Roos²⁸ speel die uitruil van inligting 'n toenemende belangrike rol in ons moderne samelewing. Verskillende entiteite het 'n groeiende nood aan inligting. Regerings benodig inligting om te regeer en kan byvoorbeeld nie 'n effektiewe maatskaplike welsynsplan of 'n gepaste infrastruktuur

²⁶ Davis en Hutchinson, 51-53.

²⁷ Budden, Preface.

²⁸ Roos, 264.

ontwikkel indien dit nie aangaande die behoeftes van die samelewing ingelig is nie. Op dieselfde basis benodig die besigheidsektor inligting, want 'n finansiële instelling kan nie geld uitleen aan 'n kliënt sonder inligting aangaande sodanige kliënt se kredietwaardigheid nie. 'n Versekeringsmaatskappy moet ingelig word ten opsigte van die risiko wat dit neem indien dit 'n kliënt wil verseker. Net so moet 'n handelaar marknavorsing doen indien hy 'n produk wil vervaardig en dit te koop wil aanbied of indien hy die persone wat in so 'n produk sal belangstel wil opspoor. Aan die ander kant word 'n persoon se privaatheid bedreig deur hierdie toenemende noodsaak vir inligting aangaande hom/haar. By kriminalisering moet die reg dus 'n balans tussen die belange van die individu en die belange van die samelewing vind en behou²⁹.

Sommige skrywers is voorstanders van die gedagtegang dat nie die inligting *per se* beskerm behoort te word nie, maar wel die sisteme waarin die inligting vervat word. Vele lande het dan ook wetgewing langs hierdie lyne ingestel³⁰. Schweitzer³¹ ondersteun egter die standpunt dat inligting *per se* wel beskerming vereis:

'In the information age, then, it is the information content and not the systems infrastructure that must be of primary concern to management. The information itself is the valuable: information may be irreplaceable; its value may exceed that of all other resources; and its misuse may result in fraud or loss of competitive edge³².

²⁹ Ibid.

³⁰ Selfs in Suid-Afrika is hierdie gedagtegang gevolg en is die *Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies* No 25 van 2002 afgekondig.

³¹ Schweitzer JA, 13.

³² Ibid.

Jager³³ wys na die gevare indien die beskerming van inligting nie gereguleer word nie. In 'n kommersiële samelewing waar niemand nog van die term 'fiduciary obligation' gehoor het nie of waar niemand enige 'duty of fair play' teenoor enigiemand anders het nie, sal die beskerming van intellektuele goedere nie bestaan nie. Dit sal nie noodwendig besigheid tot stilstand bring nie, maar kan wel ernstige probleme tot gevolg hê. Die plundering van kommersieel waardevolle idees sal algemeen voorkom. Agterdog en vrees sal die basis van elke transaksie vorm. Enige waardevolle idee kan selfs van die mees betroubare werknemers gekoop of verkoop word. Besighede sal nie meer gemotiveerd wees om tyd en geld in die ontwikkeling van nuwe produkte of prosesse te bestee, indien hulle net 'n mededinger se werknemer kan betaal om dit te bekom nie of indien hulle eie werknemers dit net aan hulle mededingers gaan verkoop nie. 'n Oomblik se besinning oor so 'n besigheidsklimaat is genoegsame motivering vir die ontwikkeling van die reg ten opsigte van handelsgeheime en vertroulike inligting. Die beskerming van handelsgeheime sal die verhouding tussen die partye in kommersiële transaksies stabiliseer deur die reëls vir 'fair play' voor te skryf wat sal geld in die afwesigheid van 'n uitdruklike kontrak. Handelsgeheim-wetgewing sal verder die effektiwiteit en produktiwiteit verhoog deur 'n raamwerk daar te stel wat die vrye vloei van inligting tussen partye by 'n kommersiële transaksie sal aanmoedig.

Sieber³⁴ ondersteun die skepping van 'n afsonderlike hoofstuk vir die beskerming van inligting in die strafbode. Volgens hom sal hierdie oplossing nie net die belangrikheid van die onderskeie wetgewing en die afskrikkingseffek daarvan versterk nie, maar sal dit ook 'the specificities of intangibles' in ag neem. Dit sal ook 'a clear systematization and a differentiation between general rules for the protection of all kinds of

³³ Jager, 1-4 par 1.03.

³⁴ Sieber, 16 en 20.

information and special rules for computer-stored data³⁵ teweegbring. Hy is ook 'n voorstander van die internasionale neiging om wel beskerming aan handelsgeheime te gee. Hy stel voor dat alle regstelsels in hulle strafkode of in hul wetgewing aangaande onregmatige mededinging 'n strafregtelike handelsgeheim beskermingsbepaling insluit, wat ondersteun word deur voldoende sivielregtelike bepalings aangaande onregmatige mededinging. Sodanige strafregtelike en sivielregtelike bepalings behoort in die algemeen op alle handelsgeheime betrekking te hê en moet nie beperk word tot rekenaars en dataverwerking nie. Ten einde 'n monopolie op inligting te verhoed, is hy verder van oordeel, dat handelsgeheim beskerming beperk moet word tot sekere onverdraaglike handeling om inligting te bekom en moet dit nie uitgebrei word tot die beskerming van inligting *per se* nie.

Hoewel inligting nog altyd waardevol was en die betekenis daarvan met die koms van die rekenaar oneindig toegeneem het, het inligting nou ook 'n nuwe gestalte van rykdom geword, wat die grootskaalse berging, verwerking en kommunikasie daarvan nou plotseling juridies relevant maak. Dit is dus nie net handelsgeheime wat beskerming verleen behoort te word nie, maar ook inligting wat nie noodwendig in die handel as sulks aanwending vind nie. Beskerming van inligting *per se* word dus wel bepleit, hoewel die klem van beskerming op die kriminalisering van sekere handeling wat ten opsigte van die inligting gepleeg word sal val³⁶.

12.2.3 DIE WENSLIKHEID VAN DIE BESKERMING VAN INLIGTING IN TERME VAN DIE STRAFREG

Die vraag of enige bepaalde optrede deur die strafreg verbied behoort te word verlang dus 'n ondersoek na 'n verskeidenheid van aspekte. Die doel

³⁵ Sieber, 16.

³⁶ Sieber, 20.

van die strafreg kan gesien word as die beskerming van fundamentele belange van die gemeenskap teen gevaarlike en laakbare gedrag ten einde 'n vreedsame, ordelike en samehorige samelewing te verseker³⁷.

Volgens Malan³⁸ kan die wetgewer sonder meer enige gedrag tot misdaad verklaar. Die wetgewer word egter meeste van die tyd by die oorweging om 'n bepaalde gedragsvorm te kriminaliseer deur bepaalde voorjuridiese faktore beïnvloed. Hierdie besluit behels 'n waardebeoordeling wat deur verskeie faktore geraak word, maar ook deur die heersende gemeenskapsopvatting oor wat hulle ag strafwaardig behoort te wees. Veranderinge in die sosiale struktuur en die vorm van rykdom waarin die gemeenskap hulself bevind sal vanselfsprekend 'n invloed op die gemeenskapsopvatting hê. Hoewel die strafreg beide individuele en gemeenskapsbelange verskans, bied dit slegs fragmentariese beskerming aan die goedere van die mens. Die strafreg beskerm nie alle regsgoedere tot dieselfde mate as wat dit deur die privaatrek beskut word nie. Tog bestaan daar 'n verband tussen die strafreg en die waardevolle goedere van die mens op enige gegewe tydstip.

Malan³⁹ waarsku dat indien kriminalisering onoordeelkundig geskied die geleentheid vir politieke uitbuiting en onderdrukking deur die strafreg 'n werklikheid is. Verskillende klasse binne 'n samelewing is, volgens hom, agterdochtig teenoor mekaar en vrees dat die ander klas sy politieke mag sal gebruik om die strafreg so te struktureer dat dit tot politieke onderdrukking en die onderwerping aan die idees en opvattinge van die ander klas sal lei. Die gevaar bestaan ook dat politieke magshebbers die strafsanksies kan gebruik om aangeleenthede wat vir die minderheid heel aanvaarbaar is, te verbied. Eweneens bestaan die gevaar van

³⁷ Rabie, 253.

³⁸ Malan, 214.

³⁹ Malan, 213.

oorkriminalisering en dat onnodige en oneffektiewe beperkinge op grond van politieke en ander oorwegings aanvaar kan word wat die trefkrag van die strafreg eerder sal verminder as versterk.

Hammond⁴⁰ stel riglyne voor wat by die hervorming van die strafreg oorweeg behoort te word. Die strafreg moet slegs gebruik word om optrede te reguleer waarvoor ander wyses van sosiale beheer onvoldoende of onvanpas is. Fragmenterende, feite-spesifieke misdrywe, behoort vermy te word. Indien 'n strafsanksie ingestel moet word, moet die faktore 'which are perceived as requiring criminal law intervention'⁴¹ geïsoleer word en geformuleer word in misdrywe van algemene toepassing. In die geval van 'n moontlike misdryf van diefstal van inligting sal verbeterde privaatregtelike remedies vir misbruik van inligting, volgens Hammond, waarskynlik 'n meer gepaste oplossing bied as die kriminalisering van 'a potentially huge slice of human activity'. Volgens Hammond sal 'n misdryf van diefstal van inligting heeltemal te wyd wees en moet daar eerder op die beskerming van die eghed van rekenaarsisteme gekonsentreer word⁴². Hierdie weg is dan ook in die Kanadese strafkode gevolg⁴³.

Cross⁴⁴ erken twee voordele wat die strafreg teenoor die siviele reg bied by die hantering van industriële spioenasie. Eerstens, die bestraffende aard van 'n strafsanksie verleen meer afskrikking teenoor die industriële spioen as die andersins hoofsaaklik vergoedende aard van die nie-strafregtelike remedies. Tweedens, deur industriële spioenasie te

⁴⁰ Hammond, 254-255.

⁴¹ Ibid.

⁴² Hammond, 255.

⁴³ Die teenoorgestelde mening word in hierdie studie gehuldig.

⁴⁴ Cross (2), 264-265.

kriminaliseer kan die toenemende hulpbronne van die regering gebruik word om die industriële spioen te betrap en voor die gereg te bring.

Eells en Nehemkis⁴⁵ beklemtoon die onderliggende probleem ter ondersteuning van die kriminalisering van industriële spioenasie. Soos wat inligting in belangrikheid toegeneem het, het die voordele om sodanige inligting geheim te hou ook toegeneem. Aangesien inligting so 'n kritiese rol in 'n tegnologies aangedrewe samelewing speel, geniet partye wat uitsluitlike kennis van waardevolle inligting het, 'n gedugte voordeel bo hul mededingers. Hierdie ontwikkelende tegnologie het egter ook 'n verknorsing geskep: alhoewel tegnologie groter aansporing skep om inligting geheim te hou, maak dit ook die behoud van sodanige geheimhouding moeiliker. So het die tegnologie self ook 'n paar nuwe toestelle ontwikkel wat die taak van die spioen net soveel vergemaklik het. Die toenemende afhanklikheid van rekenaars is 'n groot faktor hierin, aangesien rekenaars gemakliker toegang aan die industriële spioen bied. As gevolg van hierdie faktore is dit nie verbasend dat die vlak van industriële spioenasie skerp gestyg het en dat dit verskeie lande se besighede reeds biljoene gekos het nie⁴⁶.

Ruhl⁴⁷ verwys na verskeie redes hoekom strafregtelike sanksies verkieslik is bo slegs sivielregtelike beskerming. Sivielregtelike remedies wat aan maatskappye beskikbaar is, sal nooit dieselfde afskrikkingseffek hê as wat die strafreg op die diefstal van handelsgeheime deur industriële spioene sal hê nie⁴⁸. Die doel van strafregtelike sanksies is om te straf en beoog

⁴⁵ Eells en Nehemkis, 118.

⁴⁶ Cross (1), 527.

⁴⁷ Ruhl, 763.

⁴⁸ Sien Steiker, 775 waar sy opmerk:

'A succinct statement of the problem is that criminal liability is a far more effective deterrent than civil liability because "a long prison sentence puts the fear of God into people much more effectively than a slap on the wrist".'

om sosiale ongewenste bedrywighede af te skrik. 'n Strafsanksie beoog om 'n straf op te lê wat ten doel het om te voorkom dat soortgelyke gedrag in die toekoms voorkom, terwyl dit die oorspronklike gedrag straf. Hierteenoor het sivielregtelike sanksies vergoeding ten doel om die benadeelde party in die posisie te plaas waarin hy sou gewees het indien die inbreukmakende optrede nie plaasgevind het nie.

Strafsanksies plaas 'n stigma op die oortreder, met straf as die toestel waarmee die slagoffer en gemeenskap hul gevoelens van verontwaardiging en beskuldiging kan blus. Strafsanksies verleen dus aan 'n remedie simboliese belangrikheid wat by ander remedies afwesig is⁴⁹. Siviele sanksies remedieer die probleem op 'n totaal ander manier waarvan die mees merkbare geldelike vergoeding is. Strafsanksies poog dus om ook 'n pro-aktiewe benadering tot afskrikking te hê voordat die oortreding plaasvind, terwyl die siviele reg die slagoffer vergoed vir die skade wat reeds gely is. In vergelyking met ander intellektueelgoedere-wetgewing kan sivielregtelike handelsgeheim-wetgewing korporasies en besighede meer effektiewe en omvattende regsbeskerming verleen as wat die ander intellektueelgoedere-wetgewing aan hulle voorsien. Intellektueelgoedere-wetgewing en sivielregtelike handelsgeheim-wetgewing kan saam egter wel voldoende beskerming teen diefstal en misbruik van handelsgeheime bied⁵⁰.

⁴⁹ Sien Fisse, 1147-1148, waar hy opmerk:

'The "stigma theory" of criminal punishment is justified on three basis. First, the actor is blameworthy in causing the harm. Second, the harm is unwanted. Third, the stigma will have a deterrent effect on future behaviour'.

⁵⁰ Ruhl, 763 het die onderskeid soos volg uiteengesit:

'Civil trade secret laws provide an effective defensive approach, while criminal trade secret laws provide a powerful proactive deterrent to combat the growing simplicity and ease of theft. However, while state civil trade secret laws and remedies in this area provide an effective defensive response, current state criminal trade secret laws fail to provide an effective deterrent to the theft and misappropriation of trade secrets'.

Volgens DP van der Merwe⁵¹ is inligting 'n oortreflik waardevolle bate en sal dit 'n defek in die strafreg daarstel om dogmaties die moontlikheid van die diefstal van inligting te ontken en om te poog om alle sodanige sake in die omvang van die diefstal van handelsgeheime in te forseer.

12.2.4 DIE VEREISTE DAT WETGEWENDE- EN NIE-STRAFREGTELIKE BEPALINGS ONVOLDOENDE BESKERMING VERLEEN

Die eerste vereiste waaraan voldoen behoort te word by 'n oorweging of nuwe strafsanksies verorden moet word, is sekerlik die vraag of die kriminalisering van die betrokke veld of onderwerp noodsaaklik is. Dit wil sê of daar nie reeds voldoende beskerming in die nie-strafregtelike gebied van die Suid-Afrikaanse reg of in ander wetgewing van Suid-Afrika te vinde is nie⁵².

Rabie⁵³ stel dit duidelik dat enige betekenisvolle oorweging van die potensiele effektiwiteit van 'n strafsanksie om gehoorsaamheid aan sekere reëls van gedrag te verseker of om ongevreemde gedrag te verhoed, 'n oorweging van moontlike alternatiewe sanksies wat in die omstandighede dalk meer effektief kan wees, behels. Hoe hoog effektiwiteit op 'n samelewing se waardeskaal sal wees, sal afhang van hoe belangrik die samelewing die waardes wat deur onderdrukking van die bepaalde gedrag beskerm word ag, in vergelyking met waardes waarop inbreuk gemaak gaan word deur die voorgestelde wyse van beheeruitoefening.

By die oorweging van alternatiewe sanksies moet die wetgewer altyd ondersoek instel na die belange wat beskerming verleen wil word en moet bepaal word of die belange nie reeds beskerm is nie en of beskerming verleen kan word deur sanksies wat in ander vertakkinge van

⁵¹ Van der Merwe DP (1), 192.

⁵² Hierdie aspek is in Hoofstukke 7 - 9 ondersoek.

⁵³ Rabie, 255.

die reg vervat is. Indien ander beskerming wel bestaan moet bepaal word of bykomende beskerming deur die strafreg wel absoluut noodsaaklik is. Die beskerming van fundamentele belange, soos lewe, liggaamlike integriteit en eiendom slegs ingevolge die deliktereg sal onvoldoende wees om 'n vreedsame en ordelike sosiale samelewing te verseker. Die addisionele beskerming deur die strawwer strafsanksies was dus noodsaaklik om hierdie belange te beskerm. Aan die ander kant bly dit 'n kontroversiële vraag of die strafreg in baie openbare welsyn misdrywe en sekere seksuele misdrywe betrokke behoort te wees. Laastens moet die wetgewer, selfs nadat hy bepaal het dat geen alternatiewe sanksie bestaan nie, steeds oorweeg of dit nie meer regverdig sal wees om eerder geen sanksies in te stel nie as om op strafsanksies te steun nie⁵⁴.

Ander vorme van sosiale beheer wat tans oor die wederregtelike verkryging van inligting bestaan, is ooglopend onvoldoende⁵⁵. Die nie-strafregtelike bepalings en ander statutêre bepalings aangaande inligting is ondersoek en daar is gevind dat hoewel die nie-strafregtelike beginsels van kontraktereg en deliktereg (in die vorm van onregmatige mededinging en die *Lex Aquiliae*) voldoende nie-strafregtelike beskerming van sekere vorme van inligting binne die siviele reg bied, daar steeds tekortkominge voorkom wat slegs deur die strafreg gedek kan word. Die wederregtelike verkryging van inligting deur 'n spioen vind gewoonlik nie tussen kontrakterende partye plaas nie, maar gewoonlik tussen 'n onafhanklike spioen en 'n besigheid of 'n persoon. Onregmatige mededinging is slegs beperk tot mededingende partye⁵⁶ en sluit ook nie *diefstal* deur die onafhanklike spioen in nie. Daar is dus geen alternatiewe sanksie wat aan daardie gevalle, waar inligting op 'n wederregtelike wyse deur 'n onafhanklike spioen verkry is, voldoende beskerming sal verleen nie.

⁵⁴ Ibid.

⁵⁵ Sien Hoofstukke 7 – 9.

⁵⁶ Sien Van Heerden en Neethling, 10; Neethling, 204; Du Plessis (1), 94-99 en Schultz v Butt 1986 (3) SA 667 (A) 683-684.

Selfs indien daar oorweeg sou word om die deliktuele beskerming wat tans aan inligting gebied word verder uit te brei sal dit, myns insiens, nie 'n gepaste oplossing bied nie. Die redes hiervoor is dat sivilregtelike remedies gebaseer is op inbreukmakings of skendings wat reeds plaasgevind het en gevolglik op die vergoeding van en die voorkoming van verdere skade gefokus is. Ten einde toegang tot hierdie remedies te verkry moet 'n party gewoonlik deur 'n duur regsproses gaan. Sommige slagoffers het dikwels nie die nodige finansiële hulpbronne om regsaksies in te stel of dit tot volvoering voort te sit nie. Aan die ander kant het die oortreder dikwels ook nie die finansiële vermoë om die verlangde skadevergoeding te betaal nie of die oortreders skryf sodanige skadevergoeding wat hulle betaal bloot af as net nog een van die onkoste om besigheid te doen. Sodoende word die oortreder nie afgeskrik van toekomstige soortgelyke oortredings nie.

Die strafreg bied aan die gemeenskap veel swaarder optrede teenoor die oortreder. Sodra 'n klag gelê is, word die hulpbronne van die Staat in die ondersoek van die misdryf en die opsporing van die verdagte aangewend. Die onkoste vir die vervolging van die verdagte word ook deur die Staat gedra. Behalwe vir die bestraffende aard van die strafreg, kan potensiële oortreders deur die swaar strawwe wat aan oortreders opgelê word, daarvan afgeskrik word om soortgelyke oortredings te pleeg. Die strafreg verskaf ook beperkte sivilregtelike vergoeding aan 'n slagoffer⁵⁷. Die verdagte wat uiteindelik skuldig bevind word dra verder die klad van 'n krimineel, wat insluit dat hy vorige veroordelings het wat sy verdere geleenthede in die arbeidsmark kan knou, asook die stigma wat deur 'n gemeenskap op hom geplaas word.

⁵⁷ Sien artikel 300 van die Strafproseswet 51 van 1977, vergelyk ook artikel 297 van die Strafproseswet 51 van 1977 waar 'n beskuldigde as deel van sy opgeskorte vonnis beveel kan word om terugbetalings of restituisie aan die slagoffer te maak.

In hierdie studie is die beskerming wat aan inligting in die regstelsels van Engeland, Amerika, Kanada en Nederland gebied word ook nagegaan, maar daar is gevind dat nie een van hierdie regstelsels 'n bruikbare model vir strafregtelike beskerming van inligting bied nie. In Engeland en Kanada word daar geen strafregtelike beskerming vir die *diefstal* van inligting aangetref nie. In Amerika het die *Economic Espionage Act*⁵⁸ wel verligting gebring en kan die twee misdrywe wat in vermelde wet geskep is, wel in ag geneem word. Hierdie wet konsentreer egter op handelsgeheime as sulks en aangesien dit 'n federale wet is, word vereis dat die handeling wat ingevolge die wet gepleeg word interstaatlike werking moet hê. Daar is dus sekere tekortkominge⁵⁹ in vermeld wet, in ag genome die Suid-Afrikaanse posisie en sal die wet nie as 'n model vir die Suid-Afrikaanse reg aangewend kan word nie. Sekere begrippe en omskrywings in vermelde wet is egter wel in die Suid-Afrikaanse konteks bruikbaar.

12.2.5 **BESPREKING**

Wetgewing wat oor die diefstal van inligting handel sal dus geensins enige regte, wat in die Grondwet vervat is, onredelik of onregverdig beperk nie, aangesien sodanige wetgewing uit die aard daarvan in belang van 'n oop en demokratiese samelewing sal wees. Dit is duidelik dat daar reeds deur ander bepalings⁶⁰ beperkings geplaas is op daardie regte wat ingevolge enige nuwe wetgewing beperk sal word. Die reg op die vryheid van uitdrukking, in die vorm van die reg op die vryheid om inligting en idees te ontvang en oor te dra⁶¹, kan as voorbeeld dien. Hierdie reg sal tydens 'n oorweging van artikel 36 van die Grondwet opgeweeg moet word teen die reg om inligting, wat deur 'n persoon of besigheid ontwikkel is en nog geheim is, te beskerm. Daar bestaan heelwat ondersteuning vir die

⁵⁸ Artikels 1831 en 1832, Titel 18 van die *United States Code*.

⁵⁹ Sien Hoofstuk 3.

⁶⁰ Soos byvoorbeeld deur die sivilregtelike beginsels van die kontrakte en delikte reg.

⁶¹ Soos vervat in artikel 16 van die Grondwet.

sienswyse dat die beskerming van inligting redelik en regverdigbaar in sekere omstandighede sal wees. Daar blyk ook geen ander minder beperkende wyse te wees waarop inligting in hierdie omstandighede beskerm kan word nie. Die instelling van strafsanksies vir die wederregtelike en opsetlike verkryging van inligting sal derhalwe die enigste gepaste oplossing wees. Sodanige strafsanksies behoort gemaklik binne die grense van die grondwetlike vereistes gebring te word.

Die samelewing in Suid-Afrika is terdeë daarvan bewus dat dit 'n misdaad daarstel om iets wat 'n ander persoon as syne beskou, te steel. Die algemene publiek sal ook sekerlik nie ontken dat abstrakte geld gesteel kan word nie. Indien die publiek dus gevra sou word of hulle geheime vir diefstal vatbaar is, sal hulle sekerlik bevestigend antwoord dat 'n persoon se geheime wel vir diefstal vatbaar is, want dit is tog sy geheime en 'n ander kan dit nie net vir homself vat nie. Die uitbreiding van die definisie van die misdaad diefstal om ook onliggaamlike objekte en dus ook inligting, waar die inligting permanent van die regmatige houer ontnem kan word, in te sluit sal steeds binne die publiek se begrip van wat diefstal is val en sal die publiek wel strafsanksies vir so 'n optrede verwag. Dit is egter duidelik dat die howe tans daarteen skop om so 'n uitbreiding te erken en selfs al kan die howe so 'n uitbreiding regmatig toestaan, is dit tans 'n aangeleentheid wat statutêre aandag vereis.

Die diefstal van inligting waar die inligting bloot gedupliseer of gekopieer word en dus nie van die regmatige houer ontnem word nie, val nie binne die gemeenregtelike definisie van die misdaad diefstal nie⁶². Ten einde hierdie gevalle strafbaar te reël sal wetgewing vereis word.

⁶² Sien Hoofstuk 9-11.

12.3 INLIGTING AS OBJEK VAN DIE MISDRYF DIEFSTAL

Ten einde 'n definisie van beskermwaardige inligting saam te stel moet die resultate wat die studie opgelewer het aangaande wat die eienskappe van inligting moet wees voordat daaraan strafregtelike gevolge geheg kan word, uiteengesit word. Nadat die onderskeie eienskappe wat uit die onderskeie regstelsels verkry is uiteengesit is, kan die eienskappe ontleed word om te bepaal of sodanige eienskappe geskik is om in 'n definisie van beskermwaardige inligting vervat te word.

12.3.1 RESULTATE VAN VOORAFGAANDE STUDIE

Die Engelse strafreg vereis dat inligting eiendom moet wees voordat dit ingevolge die definisie van diefstal beskerming gebied sal word. Die Engelse reg erken nie inligting as eiendom nie en daar kom dus nie 'n definisie van inligting voor wat vir diefstal vatbaar is nie⁶³. Die Engelse nie-strafregtelike bepalinge verleen wel beskerming aan vertroulike inligting indien daar 'n vooraf vertrouensverhouding tussen die partye bestaan. Dit is dus nie die inligting waarop gefokus word nie, maar wel op die bepaalde verhouding wat vooraf moes bestaan het. Die inligting word dus as vertroulik gedefinieer omdat dit binne hierdie verhouding oorgedra is. Hierdie model waarbinne inligting beskerm word, sal egter nie 'n geskikte model wees indien strafregtelike beskerming oorweeg word nie. Alle inligting wat in die omstandighede van 'n vertrouensverhouding oorgedra is en dan deur die vertroueling openbaar gemaak word, verdien of vereis nie strafregtelike sanksie nie. Indien almal wat inligting in vertroue ontvang het nou strafregtelike vervolging in die gesig staar net omdat hulle sodanige inligting oorvertel het, sal 'n groot aantal van die gemeenskap sekerlik al as kriminele gebrandmerk gewees het. Aan die ander kant kom daar wel gevalle voor waar inligting tydens 'n vertrouensverhouding

⁶³ Sien Hoofstuk 3.

openbaar gemaak is en waar die party wat sodanige inligting ontvang het dit aan 'n derde party oordra, waar strafregtelike sanksies wel noodsaaklik is. Die vraag is egter waar die skeidslyn tussen hierdie twee gevalle getrek behoort te word.

Die eienskappe van inligting wat in die Engelse reg beskerming verleen word, is inligting waarvan die openbare beskikbaarheid beperk is en wat dus nie in die openbaar beskikbaar is nie⁶⁴. Verder moet inligting absoluut of relatief geheim wees, dit wil sê die algemene publiek of die oorgrote meerderheid van deskundiges in 'n bepaalde veld, lyn of spesialiteit moet nie daarvan kennis hê nie⁶⁵. Die inligting moet verder in staat wees tot industriële of kommersiële toepassing en daar moet 'n ekonomiese belang in die inligting wees. Vertroulike inligting kan ook nie die 'ordinary skills which an individual may acquire in the ordinary course of his life' insluit nie⁶⁶.

In die Amerikaanse reg⁶⁷ is daar twee definisies van 'n handelsgeheim wat relevant en bruikbaar is. Eerstens in die *Uniform Trade Secret Act*⁶⁸ word 'n handelsgeheim omskryf as inligting wat insluit 'n formule, model, samestelling, program, toestel, metode, tegniek of proses, 'that-

- (i) derives independent economic value, actual or potential, from not being generally known to, and not being readily ascertainable by proper means by, other persons who can obtain economic value from its disclosure or use, and
- (ii) is the subject of efforts that are reasonable under the circumstances to maintain its secrecy'.

⁶⁴ Groves, 644.

⁶⁵ Wise, 2-9 tot 2-29.

⁶⁶ Jones, 463-466.

⁶⁷ Sien Hoofstuk 4.

⁶⁸ Sien Hoofstuk 4, par 4.3.3.

Tweedens word 'n handelsgeheim in artikel 1839(3) van die *Economic Espionage Act*⁶⁹ gedefinieer as synde,

'.... all forms and types of financial, business, scientific, technical, economic, or engineering information, including patterns, plans, compilations, program devices, formulas, designs, prototypes, methods, techniques, processes, procedures, programs, or codes, whether tangible or intangible, and whether or how stored, compiled, or memorialized physically, electronically, graphically, photographically, or in writing if –

- (i) the owner thereof has taken reasonable measures to keep such information secret; and
- (ii) the information derives independent economic value, actual or potential, from not being generally known to, and not being readily ascertainable through proper means by, the public⁷⁰.

In die Kanadese strafreg aangaande diefstal kom daar ook nie 'n definisie van inligting voor nie⁷¹. Die eienskappe van beskermbare inligting wat in die Kanadese *Uniform Trade Secrets Act* voorkom is, dat die inligting in 'n ambag of besigheid gebruik moet word; dat dit nie algemeen bekend moet wees in die ambag of besigheid nie; dat die inligting ekonomiese waarde het aangesien dit nie algemeen bekend is nie en laastens dat die houer redelike pogings moes aangewend het om die inligting geheim te hou.

Nie net ekonomiese goed nie, maar ook goed wat nie ooglopend ekonomiese waarde het nie, word ingevolge die Nederlandse strafreg as

⁶⁹ Sien Hoofstuk 4, par 4.2.4.

⁷⁰ Sien ook Power, 344 - 348.

⁷¹ Sien Hoofstuk 5.

goed wat gesteel kan word geag⁷². Die goed moet egter vir die besitter daarvan waarde hê⁷³, wat sal impliseer dat subjektiewe gebruikswaarde vereis word⁷⁴. Inligting word egter nie in die Nederlandse strafreg omskryf nie.

In die Suid-Afrikaanse reg⁷⁵ omskryf Van Heerden en Neethling⁷⁶ 'n handelsgeheim as bedryfsinligting van 'n besondere ekonomiese waarde wat nie algemeen aan andere beskikbaar is nie en gevolglik nie aan andere bekend is nie. Dit moet dus eerstens bedryfsinligting wees; tweedens moet dit ekonomiese waarde hê en laastens moet dit nie algemeen bekend wees nie. Die vertroulike inligting hoef nie eiendom te wees nie, maar moet wel vertroulik van aard wees⁷⁷.

Inligting, vertroulike inligting of 'n handelsgeheim word nie in een van die Suid-Afrikaanse wette, wat nagegaan is, omskryf nie en hierdie wette bied dus geen hulp by die bepaling van wat 'n gepaste omskrywing vir beskermwaardige inligting vir die strafreg is nie⁷⁸. In die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting⁷⁹ kan toegang tot sekere inligting wel geweier word. Die wetgewer ag dus hierdie omstandighede, wat in hierdie wet uiteengesit word, as gepaste omstandighede waarbinne beskerming aan inligting verleen kan word en waaronder toegang tot sodanige inligting geweier kan word of geweier moet word. Hierdie

⁷² Cremers, Sr 804-806.

⁷³ Noyon (1) 360.

⁷⁴ Van Bremmelen (1), 177-178.

⁷⁵ Sien Hoofstuk 7.

⁷⁶ Van Heerden en Neethling, 132-134.

⁷⁷ Sien *Waste Products Utilisation (Pty) Ltd v Wilkes and Another* 2003(2) SA 515 (W).

⁷⁸ Sien Hoofstuk 8.

⁷⁹ Wet 2 van 2000.

omstandighede het te doen met gevalle waar die rekords van openbare liggame of private liggame⁸⁰,

- (i) *handelsgeheime*⁸¹ van derde partye bevat;
- (ii) finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting (behalwe handelsgeheime van 'n derde party) bevat, waarvan die openbaarmaking waarskynlik *skade*⁸² aan die kommersiële of finansiële belange van daardie derde party sal veroorsaak;
- (iii) inligting bevat wat deur 'n derde party op vertroulikheidsgrondslag verskaf is, waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan daardie derde party –
 - (a) in kontraktuele of ander onderhandelinge sal *benadeel*⁸³; of
 - (b) in kommersiële mededinging sal *benadeel*⁸⁴.

Vertroulike inligting van derde partye word ook beskerming verleen deurdat toegang tot 'n rekord geweier moet word indien die openbaarmaking van die rekord 'n aksie vir 'n skending van 'n vertrouensplig wat aan 'n derde party verskuldig is, daar sal stel. Toegang tot 'n rekord kan ook geweier word⁸⁵ indien die rekord inligting bevat wat deur 'n derde party op 'n vertroulikheidsgrondslag verskaf is en

- (i) waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan die toekomstige verskaffing van soortgelyke rekords, of rekords uit dieselfde bron, sal benadeel; en

⁸⁰ Sien artikel 36 ten opsigte van openbare liggame en artikel 64 ten opsigte van private liggame.

⁸¹ My kursivering.

⁸² My kursivering.

⁸³ My kursivering.

⁸⁴ My kursivering.

⁸⁵ Sien artikel 37(1) van Wet 2 van 2000.

- (ii) indien dit in die openbare belang is dat daar voortgegaan sal word om die verskaffing van soortgelyke inligting, of inligting uit dieselfde bron, te verskaf.

12.3.2 IDENTIFISEERDE EIENSKAPPE VAN BESKERMWAARDIGE INLIGTING VOLGENS VOORAFGAANDE STUDIE

Die eienskappe van inligting wat wel regsbeskerming volgens bogaande uiteensetting verleen kan word, is dan die volgende:

- (i) die inligting moet nie algemeen bekend wees nie (dit kan selfs geheim wees);
- (ii) dit moet in staat wees om in die industrie of kommersieel aangewend te kan word, oftewel dit moet ekonomiese waarde of waarde vir die houer daarvan hê;
- (iii) dit moet nie deur 'proper means' redelik toeganklik wees nie of die houters moet redelike stappe neem om die geheimhouding daarvan te bewaak;
- (iv) dit sluit nie algemene ondervinding en bekwaamhede van 'n persoon in nie;
- (v) benadeling van die slagoffer of 'n derde party sal volg indien die inligting openbaar gemaak word.

Hierdie eienskappe sal oorweeg word om vas te stel of inligting waaraan strafregtelike beskerming in die Suid-Afrikaanse reg verleen moet word dieselfde of soortgelyke eienskappe moet openbaar.

12.3.2.1 INLIGTING MOET NIE ALGEMEEN BEKEND WEES NIE

Die eerste vereiste dat sodanige inligting nie algemeen beskikbaar of bekend oftewel in die openbare arena moet wees nie, word ondersteun.

Hierdie vereiste veronderstel dus dat 'n sekere graad van geheimhouding aan die inligting gekoppel moet wees. Welke graad van geheimhouding voldoende sal wees vir beskerming en strafregtelike sanksies om in te tree sal van die omringende omstandighede van elke geval of elke hofszaak afhang. Hierdie vereiste sal dus deur die howe van geval tot geval ontwikkel en verfyn word. Enige lys van omstandighede waaronder die inligting wel geag sal word om hierdie vereiste graad van geheimhouding te bereik sal nooit volledig kan wees nie. 'n *Numerus clausus* van gevalle kan dus nie opgestel of aanbeveel word nie. Soortgelyke ontwikkeling het reeds in die deliktereg begin plaasvind en die strafhowe kan soortgelyke ontwikkeling aan die vereiste verleen ten einde die grense van die omvang daarvan te bepaal.

12.3.2.2 INLIGTING MOET WAARDE HÊ

'n Verdere eienskap waaraan inligting behoort te voldoen ten einde strafregtelike beskerming verleen te word, is dat die inligting een of ander waarde vir die houer of die persoon onder wie se regmatige beheer die inligting is, moet hê. Myns insiens hoef sodanige *waarde* nie van 'n ekonomiese of finansiële aard te wees nie. Dit kan enige belang insluit wat vir die houer daarvan van nut is. By die gemeenregtelike misdaad van diefstal word vereis dat liggaamlike sake wat vir diefstal vatbaar is sake *in commercio* moet wees⁸⁶. Op dieselfde basis word aanbeveel dat inligting waaraan strafregtelike sanksies geheg gaan word wel inligting moet wees wat in die handelsverkeer aangewend *kan* word. Dit behoort dus inligting te wees wat wel die potensiaal het om in die handelsverkeer aangewend te kan word.

Indien 'n resep vir 'n bepaalde unieke gereg, wat die houer as 'n erfstuk ontvang het, as voorbeeld gebruik kan word. Gestel hierdie resep word deur iemand gesteel of gekopieer ten einde die gereg op kommersiële

⁸⁶ Sien Snyman (1), 495.

skaal voor te berei en te verkoop. Vir die oorspronklike houer, die erfgenaam, het hierdie resep sentimentele waarde. Dit is vir hom/haar van waarde, want die erfgenaam berei hierdie gereg voor as hy/sy gaste onthaal en ontvang komplimente van sodanige gaste. Die erfgenaam ontvang dus genot uit die feit dat slegs hy/sy die bestanddele van die gereg het en ook deur te sien hoe sy/haar gaste die gereg geniet. Aan die ander kant egter het die dief die potensiaal om deur middel van hierdie gereg 'n inkomste te verdien, deur die kommersiële voorbereiding en verkoop van die gereg. Dus selfs toe die inligting, die resep, in die besit van die erfgenaam was het dit reeds die potensiaal gehad om in die handelsverkeer aangewend te word, al was die erfgenaam nie van voorneme om dit in die handelsverkeer aan te wend nie. Inligting wat dus nie oor die potensiaal beskik om in die handelsverkeer aangewend te kan word nie, behoort nie op strafsanksies aanspraak te kan maak nie.

12.3.2.3 INLIGTING MOET NIE REDELIK TOEGANKLIK WEES NIE

Die volgende eienskap van inligting wat voorkom is dat vereis word dat sodanige inligting nie redelik toeganklik moet wees deur 'proper means' nie en daarmee saam dat die houer van die inligting redelike stappe moet neem om die inligting geheim te hou. Hierdie vereiste word nie ten opsigte van liggaamlike sake gestel nie. Die houer van 'n onliggaamlike behoort nie meer beperkende vereistes te moet nakom as wat die houer van liggaamlike sake moet nakom nie. Daar behoort nie van die eienaar verwag te word om stappe te neem om die inligting te beskerm nie. Al wat van die eienaar verwag word, soos in die geval van liggaamlike objekte, is dat die eienaar op so 'n wyse teenoor die inligting optree dat daar nie gesê kan word dat hy/sy van die geheimhouding van die inligting afstand gedoen het nie. Hy/sy moet dus nie sy/haar uitsluitlike reg op die inligting geabonneer het nie. Hierdie eienskap behoort dus nie as 'n afsonderlike vereiste vir strafregtelike beskerming gestel te word nie. Myns insiens is hierdie eienskap net een van die faktore wat 'n hof in ag moet neem om te

bepaal of inligting wel aan die vereiste graad van geheimhouding voldoen of nie.

12.3.2.4 INLIGTING MOET NIE BLOOT UIT BEKWAAMHEDE BESTAAN NIE

Inligting wat bloot uit bekwaamhede wat 'n persoon tydens sy lewe in 'n bepaalde veld opgedoen het bestaan, val nie onder inligting wat beskerming verleen behoort te word nie. Bekwaamhede slaan op 'n persoon se ondervindingsvlak in 'n bepaalde veld van die lewe of besigheid. Indien hy/sy deur gebruikmaking van sodanige ervaring egter inligting oor 'n bepaalde onderwerp of voorwerp saamstel wat beskryf kan word as geheim en nie meer slegs uit sy ervaringskennis bestaan nie, kan dit wel as beskermwaardig kwalifiseer⁸⁷.

12.3.2.5 GEEN VEREISTE DAT DIE SLAGOFFER BENADEEL MOET WORD NIE

Daar behoort geen vereiste te wees dat die slagoffer of 'n derde eers benadeel moet wees voordat strafsanksies kan volg nie. Hoewel die slagoffer gewoonlik wel op een of ander wyse benadeel sal word, indien sy inligting deur 'n ander verkry word, kan daar aan gevalle gedink word waar die slagoffer geen vermoënsnadeel sal ly nie. In die voorbeeld van die erfgenaam met die unieke resep sal die slagoffer geen finansiële skade ly nie. Vir diefstal van liggaamlike sake word hierdie vereiste nie gestel nie en moet die definisie van beskermwaardige inligting, myns insiens, nie onnodig met hierdie vereiste belas te word nie. Die misdryf wat voorgestel word en die gemeenregtelike misdaad diefstal is nie gevolgs misdade nie en behoort daar nie 'n bepaalde gevolg vereis te word voordat daar aan die vereistes van die misdryf voldoen word nie.

⁸⁷ Sien ook *Northern Office Micro Computers (Pty) Ltd v Rosenstein* 1981(4) SA 123 (C).

12.3.3 DEFINISIE VAN BESKERMWAARDIGE INLIGTING

Hieruit sal die volgende definisie van beskermwaardige inligting gewaag word, met inagneming dat inligting uit idees, of data, of 'n samestelling van idees en/of data wat buite die mens geleë is en wat op die een of ander voorwerp of onderwerp betrekking het⁸⁸, bestaan. Tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken *beskermwaardige inligting* enige inligting –

- (i) wat die een of ander waarde vir die houer of persoon in regmatige beheer of besit daarvan het; en
- (ii) wat geheim is, synde dat dit nie algemeen bekend is nie; en
- (iii) wat die potensiaal het om in die handelsverkeer aangewend te word; en
- (iv) wat nie bloot uit bekwaamhede wat 'n persoon deur ondervinding opgedoen het bestaan nie.

Daar behoort daarop gelet te word dat daar aan al vier vermelde vereistes voldoen moet word voordat die inligting in geskil as *beskermwaardige inligting* sal kwalifiseer.

12.4 DIE HANDELINGSELEMENT VAN DIE MISDRYF DIEFSTAL

Daar word voorgestel dat die volgende handeling strafbaar gereël behoort te word. Indien enige persoon -

- (i) enige beskermwaardige inligting, wat in 'n liggaamlike medium of voorwerp vervat is, neem, wegdra, kopieer, toe-eien, oordra, openbaar of vernietig; of
- (ii) enige beskermwaardige inligting elektronies of andersins kopieer, dupliseer, skets, teken, afbeeld, fotografeer, fotokopieer, reproduseer, aflaai, oplaai, vaslê, oorsein, aflewer, stuur, pos, kommunikeer, openbaar, uitstal, oordra, verander, vernietig, daartoe

⁸⁸ Sien Hoofstuk 2, par 2.5.

- toegang verkry, afluister, onderskep, opneem, memoriseer of deur enige ander vorm van spioenasie verkry; of
- (iii) beskermwaardige inligting waarmee gehandel is soos in paragrawe (i) of (ii) omskryf is, ontvang, wetende dat daar wederregtelik mee gehandel is.

Paragraaf (i) het te make met die fisiese neming, wegdra, toe-eiening, oordra, openbaring of vernietiging van inligting wat in 'n ander liggaamlike medium of voorwerp vervat is. Dit is belangrik dat die gevalle wat tans nie deur die gemeenregtelike definisie van diefstal gedek word nie, hoewel daar reeds betoog is dat hierdie geval wel daaronder vervolgt kan word⁸⁹, ook in die nuwe definisie van *diefstal van inligting* vervat word. Ingevolge bovermelde handeling in paragraaf (i) hoef die inligting wat in die liggaamlike medium of voorwerp vervat is, nie die enigste beskikbare inligting te wees sodat dit die houër of regmatige beheerder of besitter permanent ontnem kan word nie. In hierdie paragraaf word daardie gevalle waar die inligting in of op 'n liggaamlike medium of voorwerp vervat is en die oortreder die liggaamlike medium of voorwerp met die inligting daarop of daarin neem, wegdra, toe-eien, oordra, openbaar of vernietig ten einde die inligting te bekom of dit te vernietig strafbaar gereël.

Hierteenoor word in paragraaf (ii) nie vereis dat die inligting in 'n ander liggaamlike medium of voorwerp vervat moet wees terwyl dit geneem word nie. Hierdie paragraaf het dus te make met die gevalle waar die inligting *per se* verkry word, maar sal ook aangewend kan word indien die inligting in 'n ander liggaamlike objek vervat is. Hierdie paragraaf stel die verkryging van die inligting strafbaar en sluit 'n wye verskeidenheid van handeling in waardeur die inligting verkry kan word en sluit ook die gevalle in waar die inligting slegs vernietig word. Hierdie handeling sluit nie net die oordrag van inligting na 'n liggaamlike medium of voorwerp in nie, maar ook die blote oorsein, kommunikasie of memorisering van die inligting. In hierdie gevalle wat onder paragraaf (ii) val sal

⁸⁹ Sien die voorgestelde uitbreiding van die diefstal definisie in Hoofstuk 10.

die inligting gewoonlik glad nie die oorspronklike houer of regmatige beheerder van die inligting se besit of beheer verlaat nie. Die dief ontvang gewoonlik net dieselfde inligting wat die oorspronklike houer steeds hou. Die houer of regmatige beheerder of besitter van die inligting se *uitsluitlike* gebruik, genot, besit of beheer word egter deur die oortreder se handeling vernietig.

In paragraaf (iii) word die derde en verdere ontvangers van die reeds verkreë inligting se handeling ook strafbaar gestel. Hierdie dek die gevalle waar A die inligting vanaf die oorspronklike houer bekom het en dit nou aan B beskikbaar stel. Dit is B se gedrag wat hier strafbaar gestel word. Gewoonlik sal dit nie die persoon wat die inligting verlang wees wat self die inligting by sy mededinger gaan vaslê nie. Die persoon wat die inligting verlang sal gewoonlik iemand anders huur of opdrag gee om teen vergoeding sodanige verkryging te bewerkstellig en daarom moet sodanige derde of verdere ontvanger se optrede ook strafbaar gestel word.

Hoewel diefstal 'n deurlopende misdaad is, sal enige nuwe wetgewing nie outomaties ook van so 'n aard wees dat dit deurlopend is nie en sal spesifieke bepalings in sodanige wetgewing vervat moet word om ook die handeling van enige persoon wat die inligting vanaf die dief ontvang, te reël. Paragraaf (iii) is 'n poging om hierdie gevalle te reël. Indien enige persoon inligting van 'n ander ontvang, welke inligting op 'n wyse soos uiteengesit in paragraaf (ii) verkry is, terwyl hy/sy ten tyde van sy/haar ontvangs of besit geweet het dat die inligting sodanig verkry is en hy/sy ook die opset het om die houer of regmatige besitter of beheerder permanent sy/haar uitsluitlike gebruik, genot, besit of beheer te ontnem⁹⁰, sal sodanige persoon se handeling ook strafbaar wees. Hierdie bepaling sal elke ontvanger van die inligting raak ongeag die hoeveelste hy in die ontvangslyn is. Die enigste vereiste is dat hy ten tyde van sy ontvangs moes geweet het dat die inligting wederregtelik verkry is en dat hy met die nodige opset opgetree het.

⁹⁰ Sien die bespreking van die opsetselement wat volg.

Paragraaf (ii) dek ook die werknemer wat regmatig in besit van sy werkgewer se beskermwaardig inligting is en dit dan wederregtelik openbaar met die opset om die werkgewer permanent van sy uitsluitlike gebruik, genot, besit of beheer van die inligting te ontnem.

Die persoon wat die beskermwaardige inligting vanuit 'n ander bron bekom het, byvoorbeeld indien 'n ander persoon onafhanklik met eie verstandelike inspanning en geestesarbeid tot dieselfde inligting gekom het, het sekerlik nie die gewraakte handeling waarna in paragraaf (ii) verwys word, gepleeg nie en sal dus nie strafregtelik aanspreeklik wees nie.

12.5 DIE WEDERREGTELIKHEIDSELEMENT VAN DIE MISDRYF DIEFSTAL

Die verbode handeling moet wederregtelik gepleeg word, dit wil sê volgens die heersende regsgevoel van die gemeenskap moet die handeling strafbaar geag word. Die gewone uitgekristalliseerde regverdigingsgronde sal hier ook aangewend kan word as 'n verweer om die handeling regmatig te reël. Indien die handeling byvoorbeeld met die toestemming of magtiging van die houer of regmatige besitter of beheerder van die inligting plaasgevind het sal dit nie wederregtelik wees nie.

Regverdigingsgronde wat sekerlik deur ons howe oorweeg sal word, is byvoorbeeld die openbaring van inligting in die openbare belang. Indien 'n persoon besig is met bedrywighede wat skadelik vir die openbare welsyn van die gemeenskap of byvoorbeeld vir die ekonomiese gesondheid van 'n besigheidsveld is, sal dit in belang van die samelewing of die ekonomiese welstand van 'n bepaalde besigheidsektor wees dat sodanige inligting in die openbaar bekend gemaak word.

Die wyse waarop inligting verkry kan word wat as 'reverse engineering' bekend staan, sal ook as 'n regverdigingsgrond kan geld. Indien die houer of regmatige

beheerder of besitter van die inligting sodanige inligting in enige fisiese voorstelling van inligting in die openbare arena plaas, byvoorbeeld indien hy/sy 'n toestel vervaardig het en in die mark vrystel en daardie item die geleentheid aan ander verleen om die inligting oor daardie toestel deur blote inspeksie van die toestel te verkry, sal die persoon wat sodanige toestel inspekteer en die inligting daaromtrent daaruit verkry, nie 'n wederegtelike handeling pleeg nie. Want daar word geag dat sodanige inligting dan in die openbare arena is en dat daar nie meer aan die vereiste graad van geheimhouding voldoen word nie.

12.6 DIE SKULDELEMENT VAN DIE MISDRYF DIEFSTAL

Skuld in die vorm van opset word vereis. Die nalatige verkryging van inligting is dus nie strafbaar nie. Daar word aanbeveel dat 'n bepaalde opset deur die oortreder vereis word ten einde aan die voorgestelde misdryf skuldig te wees. Sodanige opset moet behels dat die oortreder opgetree het met die opset om die houer of persoon in regmatige besit of beheer van sodanige beskermwaardige inligting permanent van die *uitsluitlike* gebruik, genot, besit, of beheer van sodanige beskermwaardige inligting te ontnem.

Die gemeenregtelike misdaad van diefstal se vereiste dat die oortreder moes opgetree het met die opset om die eienaar of regmatige houer permanent van sy eiendom of saak te ontnem, word slegs aangepas om voorsiening te maak vir die bepaalde aard wat inligting openbaar, synde dat dit gewoonlik nie die houer ontnem word nie. Sodra die oortreder toegang tot die inligting verkry deel hy reeds die inligting met die oorspronklike houer en ontnem hy sodoende die oorspronklike houer sy uitsluitlike beheer oor die inligting.

Die bepaalde opset wat vereis word is dat die *uitsluitlike* gebruik, genot, besit of beheer die houer permanent ontnem word. Die vraag ontstaan nou of die oortreder enigsins die inligting, volgens die voorgestelde wederegtelike handeling, kan verkry sonder om noodgedwonge die houer sy uitsluitlike gebruik, genot, besit of beheer permanent te ontnem. Die misdryf sal voltooi

wees sodra die oortreder die inligting byvoorbeeld kopieer met die opset om die houer permanent van sy uitsluitlike gebruik daarvan te ontnem. Indien die oortreder op hierdie stadium gevang word sonder dat hy homself oor die inhoud van die inligting ingelig het sal die houer se uitsluitlike genot of gebruik van die inligting nog in takt wees. Hy sou egter reeds die voltooide misdryf gepleeg het, want dit is nie 'n vereiste dat die houer inderdaad sy uitsluitlike gebruik, genot, besit of beheer ontnem is nie. Dit is bloot 'n vereiste dat die dief met sodanige opset gehandel het. Die handelingselement word reeds voltooi sodra die handeling soos hierbo uiteengesit is, voltooi is. Hierdie vereiste is in ooreenstemming met die gemeenregtelike misdaad van diefstal soos dit tans geld. Sodra die dief die item toegeëien het is die handeling voltooi. Die opsetsvereiste is bloot dat hy die handelingsvereiste moes voltooi het met die opset om die eienaar permanent van sy/haar besit te ontnem.

12.7 POGING, UITLOKKING EN SAMESWERING

Dit is onnodig om 'n aparte bepaling wat met 'n poging om die misdryf te pleeg of wat met 'n sameswering of uitlokking om hierdie misdryf te pleeg handel. Die Wet op Oproerige Byeenkomste⁹¹ handel reeds met vermelde misdrywe. Artikel 18(1) van die Wet op Oproerige Byeenkomste bepaal dat iemand wat poog om 'n misdryf ingevolge 'n statuut of 'n statutêre regulasie te pleeg, aan 'n misdryf skuldig is. Indien daar geen uitdruklike straf vir so 'n poging voorgeskryf word nie, is 'n persoon strafbaar met die straf van die voltooide misdryf⁹².

Verder lui artikel 18(2)(a) en (b) van die Wet op Oproerige Byeenkomste soos volg:

'Iemand wat –

- (a) met 'n ander persoon saamsweer om by die pleeg van 'n misdryf hetsy ingevolge die gemenerereg of ingevolge 'n statuut of statutêre regulasie,

⁹¹ Wet 17 van 1956.

⁹² Sien ook Snyman (1), 281.

- behulpzaam te wees of om dit te bewerkstellig of te pleeg; of
- (b) 'n ander persoon uitlok, aanstig, beveel of verkry om 'n misdryf, hetsy ingevolge die gemenerereg of ingevolge 'n statuut of statutêre regulasie te pleeg, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf waarmee 'n persoon wat weens die werklike pleging van daardie misdryf skuldig bevind is, gestraf kan word.

Hierdie bepalings sal voldoende wees om enige sodanige poging om die handeling wat in paragrafe (i) en (ii) genoem word te pleeg strafbaar te stel. Sameswering en uitlokking is misdrywe wat fokus op sekere gedrag voordat die misdryf gepleeg word, terwyl paragraaf (iii) te make het met 'n persoon wat die gewraakte inligting ontvang nadat die misdrywe soos uiteengesit in paragrafe (i) en (ii) reeds gepleeg is. Indien 'n persoon voor die tyd by die beplanning van die misdryf betrokke is en die misdryf deur 'n ander (regstreekse dader) gepleeg word, kan hy as 'n dader oftewel 'n middellike dader skuldig bevind word.

12.8 AANBEVOLE MISDRYF VAN DIEFSTAL VAN INLIGTING

Die volgende bepaling aangaande die misdryf van *diefstal van beskermwaardige inligting* word uit die voorafgaande aanbeveel:

Behoudens die bepalings van enige ander wet, is enige persoon wat wederregtelik –

- (i) enige beskermwaardige inligting, wat in 'n liggaamlike medium of voorwerp vervat is, neem, wegdra, kopieer, toe-eien, oordra, openbaar of vernietig; of
- (ii) enige beskermwaardige inligting elektronies of andersins kopieer, dupliseer, skets, teken, afbeeld, fotografeer, fotokopieer, reproduseer, aflaai, oplaai, vaslê, oorsein, aflewer, stuur, pos, kommunikeer,

- openbaar, uitstal, oordra, verander, vernietig, daartoe toegang verkry, afluister, onderskep, opneem, memoriseer, of deur enige ander vorm van spioenasie verkry; of
- (iii) enige beskermwaardige inligting, waarmee gehandel is soos omskryf in subparagrafe (i) en (ii), ontvang wetende dat daar wederregtelik mee gehandel is; met die opset om die houer of persoon in regmatige besit of beheer van sodanige beskermwaardige inligting permanent van die uitsluitlike gebruik, genot, besit, of beheer van sodanige beskermwaardige inligting te ontnem, aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of albei wat sal volg op 'n skuldigbevinding aan die gemeenregtelike misdaad van diefstal.

Beskermwaardige inligting beteken in hierdie bepaling, tensy dit uit die samehang anders blyk, enige inligting wat uit idees, of data, of uit 'n samestelling van idees en/of data bestaan –

- (i) wat die een of ander waarde vir die houer of persoon in regmatige beheer of besit daarvan het; en
- (ii) wat geheim is, synde dat dit nie algemeen bekend is nie; en
- (iii) wat die potensiaal het om in die handelsverkeer aangewend te word; en
- (iv) wat nie bloot bestaan uit bekwaamhede wat 'n persoon deur ondervinding of ervaring opgedoen het nie.

12.9 AFSLUITING

Die resultaat van hierdie studie toon aan dat die strafregtelike beskerming van inligting tans broodnodig is en dat daar reeds voldoende noodsaak daarvoor bestaan, aangesien die waarde van inligting in die daaglikse bedrywighede van die samelewing so die hoogte ingeskiet het dat die algemene gemeenskapsopvatting nou vereis dat sodanige beskerming ingestel moet word. Ontwikkeling van inligting as basis vir tegnologiese en ander ontwikkeling kan grotendeels nadelig beïnvloed word, indien die strafregtelike beskerming van sodanige geheime en waardevolle inligting nie dringend aandag ontvang nie.